

24 Junie 2010

Jaargang 3 – Uitgawe 20

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Advertensies
- Agterblad



Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en klik op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan karen@nhk.co.za

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by produksie@nhk.co.za

VOORBLAD

Illusie en werklikheid

Die grootste deel van ons land is tans in 'n toestand van euforie. Baie mense in slegte omstandighede en armoede vergeet vir 'n oomblik van hul situasie en word meegevoer deur die opgewondenheid van sokkerondersteuners en die geesdriftige geblaas van die vuvuzelas (alhoewel dit vir sommige net kopseer gee).

Suid-Afrika probeer ook om aan die wêreld 'n beeld voor te hou van 'n land van voorspoed, vrede en harmonie. Intussen weet ons almal dat dit 'n illusie is. Heelwat van die oorsese besoekers moes dit al ervaar en het onder misdaad deurgeloop. Die euforiese toestand in 'n land vol feesvieringe laat 'n mens egter vir 'n rukkie van die werklikheid vergeet. Dit is 'n manier van ontvlugting en ons begin die illusie leef. In 'n sekere sin bring sulke momente van ontvlugting en ontkenning van die werklikheid 'n gevoel van ontspanning en rus. Almal in die land het dit nodig. Ons gun dit veral die sokkergeesdriftiges.

Na die Wêreldbeker wag daar egter die skok van die realiteite wat ons in die gesig gaan staar. Ons land en sy mense is stukkend en getraumatiseer. Dis iets waarvan mense dalk vir 'n rukkie vergeet het, maar dit het nie verdwyn nie. Na die sokker gaan die werklikheid van betogings, korrupsie, armoede, misdaad, geweld, swak dienslewering en gebrekkige infrastruktuur ons van die illusie bevry. Ons hoop en bid dat die regering, as alles weer na normaal teruggekeer het, iets daaraan sal doen. Ontkenning, vermyding en ontvlugting gaan nie meer langer gemoedere kalmeer nie. Blaming en beskuldigings oor apartheid gaan die situasie net vererger. Dit is tyd dat die regering die werklikheid in die oë kyk en hul verantwoordelikheid aanvaar. Dit is ons reg as landsburgers om dit van hulle te eis.

Dieselfde eis geld egter ook vir elkeen van ons as gelowiges. Die Bybel leer ons immers om eers die balk uit ons eie oog te haal. Leef ons nie ook maar dikwels 'n illusie nie? Ons gee voor dat alles reg is in ons lewe, die kerk, ons gesin, ons besigheid, ons werk en verhoudings. 'n Mens kan 'n illusie net vir 'n rukkie probeer lewe, dan haal die werklikheid jou in. Dan doen ons maar dieselfde as die regering van die dag. Ons ontken, beskuldig, blameer en projekteer dikwels die oorsake van die probleem op ander.

Erken jou foute, bely jou skuld, vra om vergewing en doen wat reg is. Die Bybel noem dit bekering. As ons elkeen bereid is om dit te doen in die kring waar ons leef en werk, kan die werklikheid om ons anders daar uitsien.

**Ds Anet Dreyer-Krüger
Gemeente Rustenburg-Suid**

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhk.co.za

Die Hervormer

e-Hervormer

Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, klik op www.hervormer.co.za/cancel.html

www.hervormer.co.za

www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html



BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by ernest.vaneck@up.ac.za om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by www.nhk.co.za te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Beroep ontvang

- **Ds Johan van Greunen** van Vaalwater na die Stella-kombinasie

Beroep aanvaar

- **Ds Dawie Jacobs** van Zwartuggens na Lichtenburg-Oos
- **Ds Paul Kern**, beroepafwagend, na Sannieshof
- **Ds Rudi Schoeman** van Schweizer-Reneke na Theresapark

Beroep bedank

- **Ds Jasper van der Westhuizen** van Hendrina/Breyten na Zeerust

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Emerituspredikant ds PM Smith**, voorheen skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV), is al vir twee weke in die Peglerae-hospitaal in Rustenburg met longontsteking. Voorbedding word vir hom gevra.
- **Ds Herman Gothan** was verlede Vrydagmiddag in 'n motorongeluk betrokke. Hy word tans versorg in die intensiewesorgeenheid van die Medi-Clinic in Vereeniging. Ds Gothan het borskasbeserings opgedoen en word gesedeer met asemhalingsapparaat om die longfunksie te stabiliseer. Voorbedding word vir hom gevra.
- **Ds At Mc Donald** se kankertelling het met 300% verhoog. Dit gaan nie goed met hom nie. Medici besluit tans oor 'n operasie wat vir hom verligting kan bring. Die Kerk se voorbedding word vir ds Mc Donald gevra.
- **Ds Arno Nieuwhof** is die afgelope naweek in die Wilgers-hospitaal opgeneem nadat hy kwaai hoofpyne ervaar het. Nadat toetse gedoen is, is hy ontslaan. Hy sterk tuis aan. Ons bid hom 'n spoedige herstel toe.
- **Ds Hennie Aucamp** se vrou, Clara, het 'n tweede rugoperasie gehad. Sy is in die Little Company of Mary-hospitaal. Ons bid haar sterkte toe.
- **Dr Piet van Staden**, wat die deeltydse beroep na die **Stellenbosch/Worcester-kombinasie** aanvaar het, is op Sondag 6 Junie in Worcester in die amp bevestig. Die bevestiging is waargeneem deur ds Chris le Roux. Oudl Frits Smit, lid van die Kommissie van die AKV, het 'n groetboodskap namens die Kommissie van die AKV gelewer, ds Chris le Roux, voorsitter van die ring van Wes-Kaap, namens die ring, en oudl Matie Boonzaaier namens die gemeente.
- **Ds Chris le Roux** van Gemeente Stellenbosch se adres en telefoonnommer het verander. Sy woonadres is nou Froetangstraat 36, Welgevonden Estate, Stellenbosch, en sy telefoonnommer 021 889 9603.
- **Ds Stephan van Tonder** is op die oomblik in Suid-Afrika vanuit Saoedi-Arabië waar hy 'n lektor in Engels is. Hy sal in Suid-Afrika wees tot einde Augustus, want hy help met die Spaanssprekende spanne se interpretasie tydens die Wêreldbekertoernooi. Ds Van Tonder is tans beroepafwagend, en beskikbaar vir preekbeurte vanaf 11 Julie. Kontak hom by 083 415 5677.
- **Die volgende predikante verjaar in die komende week**, en word hartlik geluk gewens.
 - Saterdag 26 Junie: Ds Leslie Kern
 - Maandag 28 Junie: Di Coen de Lange en Elsie Pretorius
 - Woensdag 30 Junie: Ds Koos Jansen van Rensburg
 - Donderdag 1 Julie: Di Willie Botha, Marlize Gasson en Maryka Potgieter
 - Vrydag 2 Julie: Di Wynand de Beer en Martin Jansen van Rensburg



- **Gemeente Pretoria-Noord** het **ds Willem Slabbert** beroep nadat toestemming ontvang is dat die standplaas gewysig kan word na deelvorsing. Die gemeente het vroeër twee volledig versorgde standplase gehad. Alle verwagting is dat ds Slabbert die beroep sal aanvaar en met nuwe ywer sal werk om die standplaas weer na volledige versorging te wysig. Die kerkraad en gemeente word sterkte toegebid.
- Die **Stella-kombinasie** hoop dat **ds Johan van Greunen** die beroep daarheen sal aanvaar. Die kombinasie is reeds geruime tyd vakant en vanweë die uitgestrektheid is dit noodsaaklik dat daar so gou moontlik bearbeiding kom. **Prof Hennie van der Westhuizen** en ander predikante in die omgewing help so ver moontlik met die hou van eredienste.
- Die **ring van Zeerust** het weer moed geskep nadat **ds Dawie Jacobs** van Zwartruggens die beroep na **Lichtenburg-Oos** aanvaar het. **Ds Paul Kern** het die beroep na **Gemeente Sannieshof** aanvaar en word op Sondag 25 Julie deur die gemeente ontvang. Die standplaas Zeerust is nog vakant en nou ook Gemeente Zwartruggens.
- **Prof Jan Barkhuizen**, wat etlike jare gelede by die Universiteit van Pretoria uitgetree het waar hy hoofsaaklik Grieks gedoseer het, het ook later as predikant van die Kerk geëmeriteer. Hy en sy vrou, Ann, is aktief in Gemeente Strand waar hy dikwels help met Bybelstudie, hou van eredienste en hantering van probleme wat aan hom opgedra is. Eie aan sy aard bly hy beskeie en op die agtergrond. Prof Barkhuizen hou hom steeds met sy studiewerk besig. Hy is as brontaalkenner benoem by die Afrikaanse Bybelvertaling en is daarom ook verantwoordelik vir die finale kontrolering van 'n paar boeke van die Nuwe Testament. Tans is hy betrokke by die finale Redaksiekomitee van die Afrikaanse Bybelvertaling waar hy die enigste brontaalkenner van die Nuwe Testament en ook die **enigste Hervormer** in die Komitee is. Hulle werk die Nuwe Testament letterlik woord vir woord en teks vir teks deur.

CUM is besig met die voorbereiding van 'n Afrikaanse Interliniêre Vertaling van die Nuwe Testament (daar bestaan slegs 'n Engelse Interliniêre Vertaling van die Ou Testament, wat in Amerika gedruk is en wat deur van ons predikante besit of gebruik word). Prof Barkhuizen is genader om ook daar op hoë vlak betrokke te wees. Dit behels dat hy daagliks besig is met die kontrolering van die Grieks en die direkte vertaling daarvan.

Tussendeur is hy betrokke by verskeie studente in die buiteland wat hom kontak vir hulp met hul navorsing op die gebied van sy eie navorsing. Hy en Ann vertrek op 30 Augustus vir 'n maand na Engeland waar hy weer in Oxford gaan werk aan sy eie navorsing. Die Kerk is trots op hom en ons beste wense vergesel hom.

Kampe en toere

- **27 September tot 1 Oktober: Ondersteuningsraadkamp**
Koste R750 per kind
Kontak Suzanne van Deventer by oraad@telkomsa.net, 012 325 2320 of 071 684 7789 om 'n kind te borg

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeentes Primrose en Primrose-Oos: Saadjieprojek**
Wil Bybels voorsien aan 4 laerskole
Kontak Antoinette Jacobs by 071 672 6794 met 'n **donasie** (kontant of Bybels)
- **Gemeente Paarl: Kerkbouprojek**
Donasies van gemeentes welkom
Rekening Ned Herv Kerk Paarl; ABSA; rekeningnommer 740 580 256; taknommer 335 010; verwysing naam van gemeente
- **Gemeente Philadelphia: Auto Pedigree Toer die Droom Fietstoer**
Samel fondse in vir minderbevoorregte kinders
Donasies welkom
Rekening: NHK Philadelphia; ABSA (tjek); rekeningnommer 054 058 0065; takkode 63 20 05; verwysing **Droom**
Faks bewys van betaling en kontakbesonderhede na 086 503 2855
Om R30-donasie te maak, SMS die woord **dream** na 42220
- **Gemeente Losberg in Fochville: Jagpakket trekking 2 Julie**
Vir diakonale dienswerk
5 pryse te wen vir R50: blouwildebees, blesbok, lam, vark en 4 kg biltong
Skakel 018 771 2617 om in te skryf
- **Gemeente Ottosdal: Afrikaanse sangkompetisie Saterdag 31 Julie**
Aspirantsangers tussen 13 en 23 jaar, wen R3 000, R1 500 of R500



Sluitingsdatum vir inskrywings **Vrydag 16 Julie**

Navrae aan Adri Botha by 082 403 5051

- **Gemeente Vanderbijlpark-Suid: Jagpakket sluit 16 Julie**
Wen wild ter waarde van R6 000 en verblyf
R50 inskrywingsgeld (inskrivingsvorm by info@nhksuid.co.za)
Kontak Anneline Grey by 016 932 2744 (kantoorure) of info@nhksuid.co.za
- **Gemeente Roedtan: Buffeljagkompetisie trekking 14 Augustus**
R50 per kaartjie
1ste prys: Buffelkoei, 2 blouwildebeeste, koedoe, blesbok, rooibok en akkommodasie vir 10 vir vier dae
2de prys: Voëljag en akkommodasie vir 10 vir twee dae
Kontak ds Thys Redelinghuys by 082 416 7724, faks 0865 189 110, of jagkompetisie@gmail.com
Bankrekening: Absa Spaar; takkode 632 005; rekeningnommer 924 227 4630
- **Gemeente Derdepoort: Vleis**
Wildswors R38 per kg en wildsvleissalami's R100 elk
Boerewors, maaltvleis en kookvleis ook beskikbaar
Skakel ds Peet Swanepoel by 072 372 6933 of 012 800 2402 om te bestel
- **Gemeente Derdepoort: Sonkrag**
Vervang geisers met sonkragtoestelle
Kontak ds Peet Swanepoel by 072 372 6933 of 012 800 2402
- **Gemeente Derdepoort: Barmhartigheidsprojek**
Donasies benodig van blikkieskos, niebederfbare kos, klere en breekgoed
Sal dit kom haal!
Skakel ds Peet Swanepoel by 072 372 6933 of 012 800 2402

Basaars en markte

- **Saterdag 26 Junie: Gemeente Bloemhof basaar**
Kontak Helen by 053 433 1222 of 079 377 5008
- **Saterdag 26 Junie: Ring van Noordelike Pretoria Joy X Fest**
Om buitelandse besoekers aan ons kultuur en disse bekend te stel
Tradisionele disse en drinkgoed, ou motors en masjiene, jagpakkette
Kamp- en akkommodasieverskaffers, die CSO en ander
Stories in Spaans, Duits, Engels en Frans op groot skerms
Die aand tradisionele kampvuurkonsert
Kontak Cathrina Cronje by 072 237 8601 of Phillip Bester by 082 333 3657 of joyxfest@gmail.com
- **Vrydag 2 Julie: Gemeente Losberg Biltongaand**
Wilds- en beesbiltong, brode, konfyte, kaas en ander lekkernye
Trekking van jagpakket
Thys die Bosveldklong sing en behartig veiling van Bloubul- en Springbok-memorabilia
Kontak ds Ernest Marran by 018 771 2340 of 082 444 1089
- **Einde Julie: Bulawayo**
15 gesinne
Benodig koekmeel, suiker en enigiets wat by 'n basaar verkoop kan word
Moenie te groot wees om na Zimbabwe te vervoer nie
Geldelike bydraes ook welkom
Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 of fanie@nhk.co.za

ANDER NUUS

- Daar is nog talle **geloofsbriewe vir die 69ste AKV** uitstaande. Kerkrade word versoek om die briewe aan te stuur na die kantoor van die sekretaris. Verblyfreëlings vir afgevaardigdes moet ook so gou moontlik gereël word.
- Die **reünie van Voortrekterehuis** is verlede Saterdag met 'n gesellige middagete op die Proefplaas by die Sportgronde van die Universiteit van Pretoria gehou. Die bestuur, bestaande uit **ds Dries Beukes** (voorsitter) en **ds Roelf Coertze** (sekretaris/kassier), het die puik funksie gereël. Getrou aan die Voortrekkertradisie is hulle eenparig herkies in hul



onderskeie poste. Emerituspredikant **dr Hennie van Deventer** sal voortaan ook betrokke wees. **Prof Bart Oberholzer** is steeds huisvader. Oudinwoners van Voortrekker word versoek om nou reeds hul adresse en telefoonnommers aan die bestuur te stuur sodat almal betyds gekontak kan word oor volgende jaar se byeenkoms.

- Die **Algemene Diakensvergadering (ADV) en Gemeente Phalaborwa** het op Maandag 21 Junie 'n groep van ongeveer 55 minderbevoorregte kinders op 'n avontuurkamp in die Blyderiviervallei geneem. Hulle het vroeg van die Sinodale Kerkkantoor in Pretoria af vertrek. Die groep staan onder leiding van **ds Martin Jansen van Rensburg en kampkommandant Nico Kellerman**, wat deur ongeveer 20 ander volwassenes bygestaan word. Die klomp tieners gaan onder meer 'n bootrit op die Blyderivier meemaak, foefieslaaid (ja, dis regtig hoe dit in die nuutste Pharos tweetalige woordeboek staan!) ry, lantern bekruip en 'n revalidasiesentrum vir jagluiperds en arende besoek. Die tema vir die kamp is 'n *Legkaart van hoop*, en hulle doen daagliks Bybelstudie aan die hand van gepaste Skrifgedeeltes. Die koste van die kamp word gedek deur welwillende donateurs met bydraes uit gemeentes in die ringe van Middelburg, Pretoria en Zoutpansberg.
- **To Care** benodig materiaal wat vir naaldwerkklasse gebruik kan word. Indien daar lidmate is wat rolle materiaal en garing kan skenk wat in 'n naaldwerkprojek gebruik kan word, kan hulle dr Wouter van Wyk kontak by 012 322 8885 x261 of wouter@nhk.co.za.
- Daar is **geen vergaderings** beplan vir die week van 25 Junie tot 2 Julie nie.

ADVERTENSIES

WONING IN AFTREEOORD BESIKBAAR

Pragtige, ruim tweeslaapkamer-woonstel in Deo Gratia-aftreeoord langs die NH Gemeente Wapadrant. Een badkamer met aparte toilet. Toegemaakte sonstoep, agterplaas onder dak, ideaal vir wasmasjiene, strykeriewe, ensovoorts. Motorhuis wat in huis oopmaak, pragtige, klein, versorgde tuin, veilig omhein met elektrifisering en veiligheidshek. Prys R710 000. Kontak Ria by 012 348 6464 of Hennie by 082 786 8448.

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente uitgebreide inligting oor 'n projek wil bekendstel, kan in die **e-Hervormer** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na produksie@nhk.co.za, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing: e-Hervormer Ads.**

AGTERBLAD

In die SENTIK-boekwinkel

Die hersiene weergawe (2010) van die **Toerustingkursus vir Ouderlinge** is nou beskikbaar. Bestel die **gedrukte handleiding** van mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291 of sentik@nhk.co.za. Die koste is R25 per hardekopie eksemplaar (posgeld uitgesluit). Indien gemeentes die drukwerk self wil behartig, kan die teks **elektronies** deur mev Betsie Brits van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) aan hulle gestuur word. Kontak haar by betsie.brits@up.ac.za.

Die **DVD Ongebroke harte** wat onder leiding van die ADV gemaak is, kyk na die tipiese probleme waarmee moderne gesinne mag worstel, soos MIV/vigs, drank- en dwelmmisbruik en dissipline. Die DVD kan **gehaal-en-betaal** word by mev Susann van Zyl van die SENTIK-boekwinkel teen R80 per kopie, of **bestel** word van mev Marié van Niekerk by 012 322 8885 x221 of kinderhuise@nhk.co.za. Dit kan onder andere gebruik word tydens Bybelstudies, gemeentekampe, huweliksverrykingskursusse en kinderleiding.

Daar is ook 'n volledige weergawe (met foto's) van hierdie nuusbrief beskikbaar, wat gewoonlik ongeveer 400-500 KB groot is. Vind dié volledige weergawe by www.hervormer.co.za, of stuur 'n versoek na karen@nhk.co.za om dit weekliks te ontvang.